No. 1692 17 September 1976

## GEDEELTELIKE TERUGTREKKING VAN DIE UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het, kragtens die bevoegdheid hom verleen, die uithou van grond vir die doel van 'n dorp, soos uiteengesit in Goewermentskennisgewing 19 van 1954, gepubliseer in *Staatskoerant* 5208 van 8 Januarie 1954, teruggetrek vir sover dit betrekking het op Onderverdeling 12, groot ongeveer 35,980 7 hektaar, en Onderverdeling 13, groot ongeveer 28,514 6 hektaar, geleë op die plaas Virginia 15, administratiewe distrik Ventersburg, myndistrik Oranje-Vrystaat, provinsie die Oranje-Vrystaat, soos aangetoon op sketskaarte waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris: O.V.S., Welkom, onderskeidelik onder RMT R5/76 en RMT R6/76 bewaar word.

Hierdie kennisgewing vervang Goewermentskennisgewing 1328 van 6 Augustus 1976.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1671 17 September 1976

### VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Restant van Erf 3918, met die historiese gebou daarop, geleë te Cora Terrace 1, Port Elizabeth, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Sekere stuk grond, met die historiese gebou daarop, geleë in die munisipaliteit van die stad Port Elizabeth, afdeling Port Elizabeth, synde die Restant van Erf 3918, Port Elizabeth-sentraal, en groot as sodanig tweehonderd agt-en-sestig (268) vierkante meter.

Transportakte 25753/1975, gedateer 28 Augustus 1975.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die huise in Cora Terrace is uitstekende voorbeelde van die Victoriaanse argitektuur en dra by tot die tradisionele aspek van dié bepaalde gedeelte van Port Elizabeth. 2/430.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1706 17 September 1976

### BURO VIR HERALDIEK

### AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), soos gewysig]

Ondergenoemde munisipale owerheid het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van sy heraldiese voorstelling. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstelling beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

*Aansoeker*.—Munisipaliteit van Riebeek-Wes. (H4/3/2/250.)

*Wapen*.—In rooi, 'n gebonde koringgerf aan weerskante vergesel van twee regopstaande uitgerukte blare, tussen drie ringe, alles van goud.

No. 1692 17 September 1976

## PARTIAL WITHDRAWAL OF RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSE OF A TOWNSHIP

The State President has, by virtue of the powers vested in him, withdrawn the reservation of land for the purpose of a township set out in Government Notice 19 of 1954, published in *Government Gazette* 5208 of 8 January 1954, in so far as it relates to Subdivision 12, in extent approximately 35,980 7 hectares, and Subdivision 13, in extent approximately 28,514 6 hectares, situate on the farm Virginia 15, Administrative District of Ventersburg, Mining District of the Orange Free State, Province of the Orange Free State, and as shown on sketch plans, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner: O.F.S., Welkom, under RMT R5/76 and RMT R6/76, respectively.

Government Notice 1328 of 6 August 1976 is superseded by this notice.

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1671 17 September 1976

### DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the Remainder of Erf 3918, with historic building thereon, situate at 1 Cora Terrace, Port Elizabeth, to be a national monument.

*Description*

Certain piece of land, with the historic building thereon, situate in the Municipality of the City of Port Elizabeth, Division of Port Elizabeth, being the Remainder of Erf 3918, Port Elizabeth Central, and measuring as such two hundred and sixty-eight (268) square metres.

Deed of Transfer 25753/1975, dated 28 August 1975.

*Historical and architectural interest*

The houses in Cora Terrace are outstanding examples of Victorian architecture and contribute to the traditional aspect of this particular portion of Port Elizabeth. 10/2/430.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 1706 17 September 1976

### BUREAU OF HERALDRY

### APPLICATION FOR REGISTRATION OF AN HERALDIC REPRESENTATION AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned municipal authority has applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of its heraldic representation. Anyone wishing to object to the registration of this heraldic representation, on the grounds that such registration will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two months of the date of publication of this notice, upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

*Applicant*.—Municipality of Riebeek West. (H4/3/2/250.)

*Arms*.—Gules, a garb flanked by two leaves erased at the base erect, between three annulets, all Or.